



OLIESADE-OORSIG

Noordelike Halfrond-onsekerhede plaas druk op Suid-Amerikaanse lande

– 10 September 2013

DR DIRK STRYDOM, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

Die onlangse weerstoestande in die VSA het pryse baie volatiel gemaak; dit het veroorsaak dat daar 'n groot onsekerheid in die mark ontstaan het rakende internasionale pryse. Hierdie onsekerhede plaas verder ook baie druk op die Suid-Amerikaanse markte om goeie oeste te produseer vir hul nuwe seisoen.

Internasionale scenario

'n Droogte in Iowa en in die Midde Weste asook die noordelike vlaktes van die VSA, plaas baie druk op sojabone. Wat dit verder kompliseer, is dat die sojabone begin September in die peulvormingfase is en die plant het in hierdie belangrike tydperk vog nodig. Volgens die oesvorderingsverslag van die USDA, soos op 9 September 2013, is meeste van die sojabone in 'n matige tot goeie kondisie. 'n Totaal van 42% van die sojabone word geklassifiseer as in 'n goeie kondisie en 31% in 'n matige kondisie.

Alhoewel dit nie baie goed is relatief tot ander jare nie, is dit steeds beter as die vorige seisoen. Volgens internasionale verhandelars is die verwagte oes 86,7 miljoen ton, dit is 4,6 miljoen ton beter as die vorige seisoen.

Internasionale verhandelars is van mening dat die prysstygings in sojabone oordrewe is en dat daar wel prysverlagings kan plaasvind. Dit is

mits daar nie 'n verdere verswakking in die kondisies plaasvind as gevolg van weersomstandighede nie. Die weersomstandighede en agteruitgang van die oes in die VSA plaas baie druk op die belangrikheid van die Suid-Amerikaanse weer in die volgende paar maande.


Tans ervaar Brasilië onder-normale reënval – dit kom veral in die sentrale streke voor. Die verwagting is dat dit sal droog bly tot laat in September. Dit plaas geweldige druk op mielie- en sonneblomaanplantings in dié land wat reeds agter is weens die lae grondvog wat daar heers. Dit kan tot gevolg hê dat van die hektare kan oorskuif na sojabone.

Suid-Amerika begin middel-Oktober met hul aanplantings. As die Suid-Amerikaanse lande nie reën ontvang voor die plantdatums nie, kan dit daartoe lei dat die mark na 'n bulfase kan beweeg, andersins kan daar 'n daling in pryse plaasvind.

Die sojaboon-/mielieprysverhouding lyk tans gunstig vir Suid-Amerikaanse produsente; sojabone het baie meer aantreklik geword in vergelyking met mielies in die afgelope paar weke. Die prysverhouding het vanaf 2,06 in September 2012 tot en met 2,41 in 2013 beweeg (Grafiek 1).

Dit kan beteken dat Suid-Amerikaanse produsente dalk meer as die verwagte sojabone gaan aanplant mits die weer gunstig is. As normale weersomstandighede in Suid-Amerika heers sal daar geen tekort wees in wêreld-oliesaadvoorrade nie.

Vervolg op bladsy 106




Grafiek 1: Amerikaanse sojaboon- en mielieprysverhouding.
Bron: CME




Noordelike Halfrond-onsekerhede plaas druk op Suid-Afrikaanse lande


Vervolg van bladsy 104



Grafiek 2: Die Suid-Afrikaanse sojaboon- en mielieprysverhouding.
Bron: Safex



Grafiek 3: Die Suid-Afrikaanse sojaboonprys relatief tot internasionale pryse.
Bron: Graan SA



Grafiek 4: Die sojaboonprys en rand/dollar-wisselkoers.
Bron: Safex en Reserwebank

TABEL 1: PLAASLIKE OLIESAADPRYSE.

Gewas	13 September 2013	6 Augustus 2012	% verandering
Sonneblom	5 011	6 135	-18
Afgeleide sonneblom	5 447	5 752	-5
Sojaboon	5 820	6 040	-4
Afgeleide sojaboon	6 540	6 623	-1
Soiil kanola	4 525	4 750	-5

Bron: Safex en Graan SA

Die verwagting is dat die wêreldproduksie van sojabone 280 miljoen ton in 2013/2014 gaan wees. Dit is 14 miljoen ton meer as die vorige seisoen. Wêreld-sonneblomproduksie is beraam op 40 miljoen ton; dit is 5 miljoen ton meer as die vorige seisoen.

Wat kanola betref, word daar 'n rekordoes in Kanada verwag. Die verwagting is dat Kanada 'n 15 miljoen ton produksie vir die huidige seisoen kan realiseer. Internasionale sonneblompryse bly steeds onder druk weens die hoë globale produksiesyfers. Die wêreld-sonneblomoes het met 4,7 miljoen ton gegroei; dit is 'n toename van 13% teenoor die vorige seisoen.

Plaaslike scenario

Die Suid-Afrikaanse mielie-soja-verhouding het ook versterk vanaf 2,41 tot en met 2,73 vanaf 2012 tot 2013 (Grafiek 2). Dit was 'n groei van 13% vir die tydperk. Dit kan 'n groot effek hê op die nuwe aanplantingsyfers vir 2013. Die sojaboonprys het ook nader aan invoerpariteit beweeg. Dit is hoofsaaklik weens die hoër vraag wat in Suid-Afrika geskep is (Grafiek 3). Die wisselkoerse speel steeds 'n baie belangrike rol en beïnvloed pryse drasties. Die rand/dollar was die laaste paar maande baie wisselvallig om verskeie redes (Grafiek 4). Een hiervan is dat die Federale Reserwe Raad in Mei aangekondig het dat hul moontlik op stimulusmaatreëls vir die Amerikaanse ekonomie kan afskaal.

Dit het veroorsaak dat die rand drasties verswak het. Die feit dat die land baie arbeidsonrus ervaar help ook nie met die wisselvalligheid van die rand nie. Daar word verwag dat die rand verder kan verswak in die komende maande, wat plaaslike oliesaadpryse kan ondersteun.

Plaaslike en internasionale pryse gaan in die komende maande baie volatiel wees – grotendeels te danke aan die volatiele wisselkoers en weersomstandighede. Die plantseisoen vir Suid-Afrika begin nader kom, dus begin reën baie belangrik raak vir plaaslike aanplantings.

Prysverskansing

Die volatiliteit van pryse skep groot onsekerhede in die mark weens ekonomiese en weersomstandighede. Tans is pryse relatief hoog weens die vorige seisoen se droogtes asook die onsekerhede in die nuwe seisoen (Tabel 1). Dit beteken dat produsente die pryse moet gebruik om hul nuwe oes te posisioneer teen die huidige relatiewe goeie prysvlakke. ■